

7 November

**Skrifgedeelte: Psalm 87 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 87:6**

As die HERE begin tel

Die kinders van Korag sing 'n Psalm, 'n lied. Hulle sing van die HERE, die God van die verbond. Die HERE het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob. Dit beteken nie dat die HERE die wonings van Jakob nie liefhet nie, intendeel. Hy het sy verbondsvolk intens lief. Hy koester sy kinders met 'n Vaderliefde wat ons beperkte begrip ver te bowe gaan. Tog het Hy die tempelpoorte van Sion nog meer lief, want in sy tempel verbind Hy Homself sigbaar en tasbaar aan sy volk. Dáár word die offers van versoening gebring, word sy reg verkondig, laat Hy sy seën uitspreek.

Die grondvesting van die tempel is op heilige berge. Jerusalem is die hart van Israel. Vanuit die tempeldiens in Jerusalem skitter die HERE se goedheid en guns wyd en syd. As dit nie was vir die grondvesting op die heilige berge in Jerusalem nie, was niks in Israel op vaste grond nie. Dan het alles op losse skroewe gestaan. Dan was daar geen lewe moontlik nie.

... Ook nie buite Israel nie. Die HERE laat sy lig allereers in Israel skyn, maar laat dit nie vir altyd net daarby bly nie. Ook Rahab en Babel sal van die HERE hoor. En Filistea en Tirus, saam met Kus. Mense uit die goddelose Egipteland en die vyandige Babel in die noorde, aartsvyande van Israel uit die buurland van die Filistyne en uit die noordwestelike Tirus vanwaar die bose koningin Isebel gekom het, selfs uit die verafgeleë Ethiopië (Kus) maak die HERE sy geloofsvolk bymekaar en ent hulle op die Sion in (Rom. 11).

En dan begin die HERE tel. Soos wat Hy die mense uit al die volke opskrywe, tel Hy hulle. Hierdie een is daar gebore. O nee, God tel nie soos 'n mens tel nie. Ons tel en raak moedeloos omdat ons dink dis te min. Of ons tel en kry grootkop omdat ons dink dis baie. God tel anders. Daar is vrolikheid as Hy tel. Gelowiges drink uit die fontein van lewende water, Jesus Christus. Daardie getal gelowiges is genoeg. Nie een te veel nie, nie een te min nie.

Met alle statistieke en strategieë moet ons geïnspireer bly deur God wat tel. Baie word geroep. Min is uitverkies. Daardie min is genoeg vir Hom. Genoenig vir ons om sy Woord met ywer aan 'n wêreld in nood te bedien. En vrolik te wees.

Sing: Psalm 87:5 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)